CMR NOORD / NORTH

T: (012) 460 9272/3/4 (Head Office) E: cmr@cmrn.co.za F: (012) 460 8531
PO Box 2037, Groenkloof, 0027 NPO Nr: 015-917
Chairman: Ds. D.H. Janse Van Rensburg | General manager: Dr. R. Aylward

www.cmrn.co.za

CMR NOORD · NORTH
Ons gee hoop · Refa tshepo
WE GIVE HOPE

## PRESS RELEASE | MEDIAVERKLARING

# SWARTSKAAP DOKUMENTÊR WERP NUWE LIG OP DIE WERK VAN WELSYN-SORGANISASIES.

“Swartskaap”, ‘n nuwe dokumentêr waarvan die heruitsending gesien kan word komende Donderdag 29 Junie om 14:00 op VIA, DStv-kanaal 147, is daarop gemik om kykers ‘n blik te gee in die daaglikse realiteit van die kinderbeskermingsorganisasie (KBO) CMR Noord. Sedert vroeg 2022 is die organisasie en sommige van die maatskaplike werkers met wie hul saamwerk aan die ontvangkant van ‘n ongenaakbare openbare aanval en Swartskaap werp vir die eerste keer ewewigtige lig op hulle storie.

Ds Danie Janse van Rensburg, Voorsitter van CMR Noord se Beheerraad verduidelik dat die gebeure wat die organisasie onbillik in ‘n swak lig gestel het, by die hoogs-gepubliseerde saak van Abrie Raaths begin het. Raaths dien tans vier lewenslange vonnisse uit vir die verkragting van sy dogter Megan. In 2022, meer as ‘n dekade ná dié gebeure, het Megan in die openbaar aan die media verklaar dat sy en haar gesin regshulp gaan bekom om Abrie uit die gevangenis te kry. Sy het beweer sy was deur CMR Noord voorgesê om haar pa te beskuldig. Sy het spesifiek na Wilna Stander verwys, wat op daardie stadium ‘n onafhanklike maatskaplike werker was wat die aanvanklike sosio-emosionele assessering op Megan gedoen het. Terwyl daar wyd en syd oor die saak gepubliseer is, kon nóg CMR Noord óf Wilna in diepte kommentaar daaroor lewer. Hoewel ‘geen kommentaar’ oor die algemeen as ‘n erkenning van skuld beskou word, sê Janse van Rensburg dat dit in hierdie geval van alle waarheid ontbloot is.

Eerstens is CMR Noord se rol in die saak van Abrie Raaths heeltemal misvertolk. Volgens die wet is daar ‘n voorafbepaalde prosedure wat gevolg moet word vanaf die oomblik dat kindermishandeling by ‘n KBO soos CMR Noord aangemeld word. Dit sluit onder andere ‘n onafhanklike ondersoek deur SAPD en ‘n ondersoek deur ‘n mediese dokter in, voor al die bevindinge van die verskillende partye uiteindelik in ‘n kriminele hof aangehoor word. “Dit is dus verregaande en totaal onlogies om ‘n organisasie soos CMR Noord of enige van die betrokke maatskaplike

vervolg >>

CENTRES OF HOPE:

| GAUTENG: | | | NORTH WEST: | LIMPOPO: |
|---|---|---|---|---|
| **Child Protection Centre** 012 654 6026 | **Child Centre** 012 333 0421 | **Lotus Gardens** 065 815 2240 | **Brits** 012 252 3207 | **Louis Trichardt** 015 516 5115 |
| **Lynnwood** 012 348 4500/348 0003 | **Derdepoort** 012 800 4866 | **Moot** 065 818 5489 | **Hartbeespoort** 064 956 6770 | **Messina (Musina)** 015 534 0245 |
| **Daspoort/Pretoria-West** 012 379 5860 | **Valhalla** 012 660 2366 | **Pretoria-North** 065 817 6162 | | **Warmbad (Bela Bela)** 014 736 2557 |
| **VOS Community Centre** 012 341 2318 | **Wonderboom** 012 567 4551 | **Soshanguve** 065 883 1907 | | |

save a child
red 'n kind

<< van vorige bladsy

werkers daarvan te beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die besluit wat in die hof geneem is," sê van Janse van Rensburg.

Tweedens, kragtens die wet en die etiese kode waaraan die professie gebonde is, kan geen welsynsorganisasie ooit die besonderhede wat 'n kwesbare kind of persoon aan hul bekend maak, in die openbaar bespreek nie. Dit kan die kwesbare party aan selfs meer vernedering en mishandeling van 'n ander aard blootstel. CMR Noord en Wilna Stander het verduidelik waarom hulle nie kommentaar kan lewer nie, maar lede van die media se argument was dat Megan se saak reeds openbaar was. Dit was egter nie heeltemal korrek nie, aangesien al die besonderhede wat Megan in vertroue aan al die betrokke professionele persone bekend gemaak het, nie openbaar gemaak was nie. "Hoewel ons kan verstaan waarom 'geen kommentaar' oor die algemeen negatief vertolk word, is daar gevalle waar dit werklik die enigste sinvolle reaksie is," sê Janse van Rensburg. "Net soos geen mediese beroep ooit 'n pasiënt se toestand kan bespreek nie, kan 'n maatskaplike werker nie die besonderhede van enige persoon wat aan mishandeling onderwerp is, bespreek nie."

Die Raaths-saak het wye openbare belangstelling ontlok, wat kort daarna tot 'n volskaalse aanslag uit verskillende oorde gelei het. Janse van Rensburg sê, die werklikheid is, wanneer kinders weens mishandeling uit hulle gesinne verwyder word, sal daardie gesinne nooit die mishandeling erken nie, uit vrees om beskaamd te word of om vervolg te word. Hulle sal dus altyd ander individue en die organisasies wat hierdie kinders moes beskerm daarvan beskuldig dat hulle verkeerd is. "Vanweë die aard van die werk wat ons doen, sal ons altyd die swartskaap onder sekere lede van die samelewing wees," sê Janse van Rensburg.

Dwarsdeur dié openbare storm wat die organisasie moes trotseer, het CMR Noord voet by stuk gehou dat die organisasie bo enige verdenking opgetree het. Sedertdien is dit presies hoe dit uitgespeel het, want op 5 April 2023, het die konstitusionele hof Raaths se appèlaansoek om 'nuwe' getuienis aan te hoor, van die hand gewys. 'n Volbank (nege) regters het bevind dat sy aansoek om sy skuldigbevindings in die hof te appelleer geen redelike vooruitsigte op sukses het nie.

Janse van Rensburg sê die skade wat hierdeur aangerig is, is egter verreikend en dat dit tyd sal neem vir die organisasie om hiervan te herstel. Die aflegging van die helfte van hul personeel is genoodsaak – dit sluit in aansienlike verliese aan groot korporatiewe borgskappe, uitgebreide regskoste en koste wat aangegaan moes word vir professionele hulp om hul reputasie te beskerm, wat daartoe bygedra het. Dit het kort op die hakke gevolg van die Departement van Maatskaplike ontwikkeling (DMO) se onttrekking van subsidies aan CMR Noord, waaruit die grootste deel van die organisasie se inkomste bestaan het. Janse van Rensburg sê die grootste onreg in hierdie hele proses, is egter die onreg teenoor die mees kwesbare lede van ons samelewing. "Ons is dus uiters dankbaar vir hierdie dokumentêr, want ons is oortuig daarvan dat dié program groter begrip vir ons uitdagings sal kweek, en 'n groter bewustheid sal skep oor hoe belangrik dit is om 'n stem te wees vir diegene wie se stem deur ander stilgemaak is." Buiten die heruitsending komende Donderdag, is Swartskaap nou ook beskikbaar op DStv Catch Up.

**[EINDE VAN VERKLARING]**